VI (c)

41

<u>ONDERWYS-RAPPORT.</u> <u>Junie 1934 - 1935</u> .

deur mnr Naude v.d. Merwe. Hoof van die [illegible]

~~Geagte Voorsitter en lede van die Raad,~~

Die vernaamste doel van ons Onderwys-werk is om deur middel van ons onderwysers die siel van die indiwidu en van die massa in die dorpies te bereik, en sodoende hulle sterk Kristelik te invloënseer . Dit is daarom dat die brandpunt en die toets van ons werk altyd die Buitepos-skool sal bly; en nie so seer ons stasie-skole of jongens-koshuise nie .

Met hierdie doel voor oë, n.l. om die Evangelie aan die massa te bring, en om hulle God's Geskrewe Woord te leer lees, is ons Buiteposte nog altyd die mees effektiewe middel ~~gew~~ gewees; en ons vertrou dat vir hierdie volk in die toekoms hulle skole altyd hierdie diens aan hulle sal bewys.

Stadig dog seker is die getal van ons Buitepos-onderwysers aan die verminder, en ons vind dit uiters moeilik om nuwes by te kry. Ons het wel laasjaar 'n aansienlike getal hulp-onderwysers ingeskryf, dog dit is nie ons beleid om van sulke noodhulpe te veel gebruik ~~van~~ te maak nie, en dit strek ons werk ook nie tot eer nie.

Omdat ons ou onderwysers nie meer soos vroeër vir verdere opleiding na ons stasies kom nie, is dit uiters moeilik om hulle aan te spoor om hulle werk konsiensieus te doen. Die meeste doen dan ook net die minimum van wat van hulle verwag word.

Waar ons probeer om deur vakansie-kursusse en "maphunziro"-lesse hierdie onderwysers op te knap, daar vind ons maar al te dikwels dat hulle teleurstel. Tog moet ons onthou dat ons Buiteposte tog die doeltreffendste sisteem is waardeur ons ons werk kan doen; en ons dus al ons kragte moet inspan in die rigting om beter onderwysers te kan oplei.

Ons hoop vir 'n beter toekoms is dus gevestig op ons kosskole en ons Normaalskool, want dit is tog in hierdie inrigtinge alleen waar ons 'n kans het om beter onderwysers op te lei. Tereg neem die kosskool al meer en meer 'n belangriker plek in in ons Onderwyssisteem. Laasjaar het ons slegs drie kosskole gehad (Tamanda, M'Moyo, Nyanji), vanjaar het ons reeds vyf. Op Merwe is die geboue in die eerste kwartaal van ons skooljaar voltooi n.l. drie slaapkamers en 'n kombuis. Op Nsadzu is 'n nuwe skoolgebou en 'n jongenskoshuis opgetrek. Die kosskool is gedurende die derde kwartaal geopen.

Die getalle van jongens in die koshuise het oor die algemeen vinnig toegeneem. Die van Tamanda het gestyg van 70 laasjaar tot 106. " " MadziMoyo "
27 " 42. " Nyanji van ±40 tot 70.

Op Nsadzu is nou reeds 27. Op Merwe, egter, het die getal verminder van 50 in die eerste kwartaal tot 35 op datum. Die rede vir hierdie vermindering is die stiptelike invordering

van losiesgelde deur die onderwyser daar.

In my rapport van laasjaar het ek daarop gewys dat daar nie eenvormigheid bestaan in die maniere waarop ons koshuise gedryf word nie, Die Raad het toe die Hoof van Tamanda gevra om die reels met betrekking tot die kos en eet van jongens uit te voer (sien No.33); dog ek verstaan dat die kosgangers daar nog hulle kos by die dorpies gaan eet. Is dit nou wel nodig om eenvormigheid te wil he ? Of sal dit beter wees om sulke sake aan die diskresie van die betrokke verantwoordelike persone te laat ? Miskien kan ons die voorbeeld van Merwe volg en sodoende uniformiteit kry watb betref die invordering ? van losiesgelde.

Uit ons kosskole het daar vanjaar heelwat kandidate vir die Std.4 Regeringseksamen gekom. Van Tamanda I7 waarvan ons verwag dat sowat 5 sal slaag. '' M'Moyo 4 '' '' '' '' '' 2 '' ''. Van Nyanji 20 (baie van hulle is nog ou onderwysers) waarvan sowat 7 sal slaag. Nsadzu 1 + hy s[illegible] deur[illegible] Ons verwag dus 'n nuwe Normaalklas van sowat I5, nadat die resultate in Sept. of Okt. bekend gemaak sal word.

Vir die Onderwysers eksamen het ons 5 kandidate opgestuur en ons vertrou dat al 5 sal deurkom. 'n Normaalskoolgebou is op hierdie stadium van ons werk onontbeerlik en moet dadelik gebou word.

L. H. v.d. Merwe [signature]